Woensdag **23 Oktober**

**Skrifgedeelte: Filemon:1-7**

**Fokusgedeelte: Filemon:1-2 (AFR83/2020)**

**Ons geestelike huishouding (die kerk) is vermeng en deel van ons aardse huishouding**

Hierdie kort briefie wat Paulus aan sy medebroer Filemon geskryf het, is een van die mooiste voorbeelde van hoe die evangelie van Jesus Christus alle aspekte (en spesifiek verhoudings) van ons lewens verander en herdefinieer.

Paulus rig hierdie brief aan Filemon en ook spesifiek aan die gemeente wat in sy huis bymekaarkom (vs 2). As jy mooi hieraan dink en die hele brief deurlees, kom jy agter dat hierdie baie vreemd is. Die saak rondom die slaaf Onesimus wat weggeloop het, lyk dadelik asof dit 'n private saak is wat net tussen Paulus, Filemon en Onesimus uitgesorteer moet word, maar dit is nie hoe Paulus daarna kyk nie. Volgens die apostel Paulus is die saak van Onesimus ook 'n saak wat die ander gelowiges in Filemon se lewe raak. Onesimus is nie maar net meer 'n slaaf nie, maar 'n medebroer in Christus soos ons later in die brief sal sien.

Daar is iets baie belangriks wat ons uit hierdie eerste sewe verse moet leer. Dit is die feit dat die kerk nie maar net 'n klub is waaraan jy kies om te behoort al dan nie. Die kerk is die gemeenskap van gelowiges wat deel is van jou geestelike en fisiese huishouding. Jy is deel van die kerk nie omdat jy gekies het om te wees nie, maar omdat Christus jou losgekoop het en deelgemaak het van sy kerk (Ef. 1:13). Die gelowiges in jou plaaslike gemeente behoort insae te hê selfs in van jou "privaat" sake, want dit is die mense wat God daargestel het om jou te help, vermaan en raad te gee. Die vraag is wel: "Laat jy jou medegelowiges toe in jou privaatlewe, of sluit jy hulle uit?"

Om mekaar uit te sluit, is nie hoe die kerk van Christus werk nie, want dit is in sy liggaam waar ons vir mekaar moet bid, mekaar moet vermaan, mekaar moet versterk, mekaar moet dra. Dink hieroor vandag.

*Sing: Psalm 84-1:1, 2, 6*

*Ds. CJ (Jaco) Lemmer (Buffeldoorns)*